



Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

18 Mei 2022
Nuusbrief No 17

Liewe Ouers,

Ons is baie dankbaar dat ons 'n suksesvolle Opedag kon aangebied het. Alle eer aan die Here vir 'n mooi dag en opkoms. Dankie aan die personeel se insette, dit was 'n heerlike dag.

Personeel:

- Baie dankie aan elkeen wat bygedra het om my verjaarsdag baie spesiaal te maak. Dit is lekker om deur soveel liefde en omgee omring te word - baie dankie! - Riekie.

Registrasies vir 2023:


- Alle **Gr 00 klasse (Olifante en Kameelperde)** sal dokumentasie ontvang om te voltooi vir die registrasie vir u kleuter vir Gr R.
- U kan rustig wees tot dan, ons wag vir die Laerskool om dit te stuur en sal u in kennis stel wanneer dit uitgegee word.
- U kleuter is reeds op Laerskool Menlopark se registers, u hoef nie bekommerd te wees dat u kleuter nie plek in Gr R sal hê nie.
- **DIE RES VAN DIE KLEUTERS SAL HERREGISTRASIEVORMS ONTVANG OM VIR 2023 TE REGISTREER. ONS LAAT WEET U SODRA ONS DIT ONTVANG HET.**

Mandjiemark: Projeknommer P741

- Baie dankie vir die video's wat die Ouerkomitee gemaak het vir die Mandjiemark. Tot en met Vrydag word die video's na die klasgroepe toe uitgestuur.
- U kan die video's aanstuur na vriende en familie sodat hulle kan sien hoe die mandjies lyk.
- Ons stal ook die mandjies elke dag in die voorportaal uit.
- U kan die Mandjiemark se gelde EFT en die bewys van betaling e-pos na parkieland@menlolaer.co.za. Die personeel moet nog steeds die betalings afmerk in die betalingsregisters.

Parkieland Verjaarsdag: 30 Mei 2022:

- Parkieland word Maandag 30 Mei "Mondig"... Ons is sowaar 21 Jaar oud! Ons gaan dit vier deur kolwyntjies te versier en partytjie te hou. **KLEUTERS MOET ASSEBLIEF PARKIELAND-HEMPIES AANTREK.**
- Saam met jou hempie moet jy 'n **partytjiehoed** ophê... Juffrouens, studente en



assistente ook! Jy kan hom koop of maak, maak nie saak nie, maar hy moet FEESTELIK lyk!

- Elke maatjie ontvang 'n koevertjie. Jy kan vir Parkieland 'n "verjaarsdaggeldjie" daarin sit en vir jou Juffrou gee. Juffrou teken dit aan in die betalingsregister. Ons gaan dit gebruik om lekker aktiwiteite te beplan vir al die maats.
- Stuur asseblief jou koevertjie teen Vrydag 20 Mei skool toe. Dis nie verpligtend nie, maar sal help om ons partytjie nóg meer pret te maak!

Jêmbekkie:

Een van die Gr 00 Juffrouens vra haar klas:

"Waarvan dink julle leer ons hierdie week?" "Kieme!" skreeu een van die seuntjies.

"Ag, Juffrou!" sê een van die dogtertjies terwyl sy haar oë rol. "Corona is so Yesterday ek hoop nie ons praat daarvan nie!"

Die hart van 'n kind:

Een van die Gr 000 seuntjies loop vir Riekie op die stoep raak op haar verjaarsdag. Ek het iets vir Juffrou gebring, sê hy. Ons moet in sy tas gaan kyk. Hy soek en soek in sy kosblik.

Teleurgesteld kyk hy op en sê: "Ek het nie vir Juffrou 'n kasie in my kosblik nie... Hy krap weer rond en bring 'n appel te voorskyn. Juffrou kan maar my appel kry, sê hy. Lekker verjaar, Juffrou."

♥PARKIELAND♥SIEN♥KINDERHARTJIES♥RAAK♥

Geseënde week verder.

Vriendelike Parkie-groete,



RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL



OPE DAG



2022




By Parkieland lê ons die boustene!



Parkieland is die sement waarmee ons jou toekoms vasmessel!

Ons hang lekker uit by **PARKIELAND** se Opedag!



Ons bou hegte vriendskappe!



Dankie aan almal wat ons Opedag bygewoon het, ons het lekker gespeel!